

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 114 30 Junie 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Wanneer is genoeg – genoeg?

In Die Skietlood 114 word artikel 7 van die NGB bespreek. Die artikel gaan oor die Bybel as totaal voldoende bron van kennis vir die mens ten opsigte van sy saligheid. Ons moet nie voldoende as beginsel verwar met die konsep van oortuigingskrag nie. Binne die gemeenskap van gelowiges is die veronderstelling dat net die Bybel die bron van teologiese- en gelowige nadenke sal wees. Die vraag is wat gaan dien as voldoende vir ongelowige mense om tot geloof te kom. Dit is deels die vraag waarmee sendelinge worstel. Neuro-linguistiese programmering praat van oortuigingstrategieë.

Wat gaan 'n mens oortuig? Hoeveel inligting moet die mens inneem voordat die mens tot geloof kom? Gaan dit oor kennis? Wat is die rol wat 'n mens se emosies speel by die bekering tot ware geloof?

Hierdie is van die vrae wat aangespreek word in 'n rolprent wat tans in teaters vertoon. *"The case for Christ"* (gebaseer op die boek met dieselfde titel) vertel die verhaal van Lee Strobel en sy beweeg van ateïsme na die Christelike geloof. Sy bekeringsverhaal word met oortuiging vertel en dit was 'n aangename ervaring om te

gaan fliëk. Daar is substansie aan die verhaal en ons kan maar verwag dat die fliëk nie lank in teaters sal draai nie. Dit wil soms lyk asof mense net sinlose vermaak najaag en nie uitgedaag wil word in teaters nie. Diegene wat belangstel, sal gou moet speel, of wag vir die fliëk om op DVD beskikbaar te raak.

Die een saak wat opval in die vertelling, is dat Lee Strobel nie oortuig wil raak van 'n saak nie. Die parallelle vertelling van sy toewyding as verslaggewer en die fout wat hy daar maak, bring hom by die punt om te besef dat die inligting beskikbaar is, maar dat hy nie wil hoor en sien nie.

Dit is aangrypend om te besef dat 'n robuuste toetsing van die waarheid van die Opstanding, die toets van 'n indringende ateïs weerstaan en dat die waarheid die vooroordeel van die bekroonde verslaggewer oorwin.

Wat oortuigingskrag betref, is dit opvallend dat die mens eerder oortuig word wanneer hy met sy vooroordeel gekronfronteer word. Die oorwig inligting en getuienis word eers effektief in die oomblik van selfondersoek.

In die finansiële omgewing is dit duidelik dat die konsep van genoeg nie bestaan nie. Daar moet altyd meer wees, meer gekry word, meer gespaar word, meer geld ingesamel word. Vir aftrede is daar nooit

genoeg nie, net genoeg vir 'n sekere tydperk en dan is selfs dit debatteerbaar.

Wanneer dit kom by geloof en oortuigings, verskil dit van mens tot mens. Strobel se vrou het baie gouer en met minder inligting tot geloof gekom. Sy het as gelowige die inligting gekry wat deur hom getoets is. So is dit vandag nog by mense. Vir sommige gaan deur 'n oorwig van inligting in ongeloof self-ingenome bly lewe.

Vir Lukas was die leë graf genoeg, Thomas moes eers sy vinger in die wond steek. Paulus moes die lewende Here op die pad na Damaskus ontmoet. Wat is vir jou genoeg? Hoeveel inligting sal jou oortuig. Wat het jou oortuig? Een se "genoeg" is die ander se "te veel" of selfs "te min".

Een ding bly seker, wanneer God eers met die mens besig raak, gee Hy genoeg vir daardie mens om uit te roep: "My Here en my God."

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

WILLEM JACOBUS PELSER

Gebore 12 Des 1929

Oorlede 19 Junie 2017

Een van Hervormde Kerk Meyerspark se



oudste lidmate is op 19 Junie 2017 oorlede. Oom Willie, soos hy by ons almal bekend was, is op 16 Desember 1929 gebore en het nie net diep spore in ons kerk getrap nie, maar ook in ons Afrikaner geskiedenis. Enkele gebeure en staaltjies uit ons verlede sedert 1948

word hieronder weergegee.

In 1948, na matriek was hy nie seker watter beroep hy moet volg nie. Hy doen aansoek by die bank en dit word goedgekeur. Hy moes egter net 'n paar dokumente by die polisiestasie laat beëdig en terugbring bank toe. Toe die bevelvoerder by die stasie hom sien en vra wat hy daar kom doen, het hy net doodeenvoudig vir hom gesê dat sy lyf nie bedoel is om in 'n bank te sit nie en hy het hom aansoekvorms vir die polisie gegee. Toe hy dit klaar voltooi het, beveel die bevelvoerder hom om die bank aansoekvorms op te skeur en in die snippermandjie te gooi! Dit was die einde van sy amper bankloopbaan en die begin van sy dae as 'n polisieman tot by aftrede.

In 1959 word oom Willie as deel van drie



personeel-lede aangestel as motorbestuurder (en natuurlik lyfwag), vir adv. J.G. Strijdom, ons destydse Eerste Minister. Na adv. Strijdom se afsterwe, gaan hy voort in dié pos as Dr.H.F. Verwoerd


se motorbestuurder en lyfwag. Hy vertel dat daar in daardie tyd baie streng opgelet is oor hoe staatsuitgawes bestee word. Een so 'n geval wat hy baie duidelik kon onthou, was toe Dr. Verwoerd die oggend parlement toe is met die ampsmotor. Mev. Betsie Verwoerd het saamgery omdat sy wou gaan inkopies doen in die stad. Sy het egter nie met 'n ampsmotor huis toe gegaan nie aangesien dit as 'n misbruik van staatsuitgawes beskou sou word! Sy is met inkopies en al met 'n trein of bus huis toe! Nogal 'n baie groot verskil van vandag se dae nê.

Op 'n ander geleentheid, tydens 'n reses van die parlamentsitting, was al die personeel terug in Pretoria, insluitende dr. Verwoerd. Een aand was daar 'n klop aan oom Willie-hulle se woonsteldeur. Toe hy die deur oopmaak staan dr. Verwoerd hier voor hom, vingeralleen! Uiteraard was oom Willie geskok en bekommerd dat dr. Verwoerd sonder enige lyfwagte daar opgedaag het en dit was ook vreemd dat die Eerste Minister by sy huis kom aanklop. Dit was ook nie baie lank nadat dr. Verwoerd die sluipmoord aanval op hom by die Randse Paasskou deur Pratt oorleef het nie. Dr. Verwoerd deel hom toe mee dat hy gekom het sodat oom Willie sy hare moet sny. Hy het die volgende dag 'n belangrike afspraak gehad en wou op sy beste lyk. Hy wou ook nie na 'n amptelike haarkapper gaan nie, aangesien hy ongemaklik was dat iemand so na aan hom kom na die sluipmoord poging. Toe oom Willie hom meedeel dat hy nie 'n haarkapper is nie, het dr. Verwoerd hom daarop gewys dat hy wat oom Willie is gereeld sy eie kollegas se hare sny en dat hy moet voortgaan.

Toe dr. Verwoerd tydens 'n parlamentsitting in 1965 in die parlement vermoor is deur Dimitri Tsafendas, was oom Willie die man wat Tsafendas in hegtenis geneem en aangekla het. Hy het homself vir lank daarna verwyt dat hy nie die sluipmoord kon keer nie. Tsafendas was egter 'n bode in die parlement en niemand sou dit kon keer onder die omstandighede nie.

Na dr. Verwoerd se afsterwe werk oom Willie vir adv. John Vorster, ons Eerste Minister in daardie tyd. Onder aanmoediging van adv. Vorster, skryf hy by die Stellenbosh se Universiteit in en behaal sy BA.Hon. graad deur deelydse studie. Adv. Vorster was ook destyds die kanselier van Maties.

Iets wat oom Willie baie goed kon onthou van al die premiers onder wie hy gedien het, was hulle en hulle eggenotes se beskeidenheid, gasvryheid, en hulle liefde vir die land en hulle mede-Afrikaners.



Oom Willie het gevorder van 'n gewone konstabel in 1948 tot brigadier in watter posisie hy ook afgetree het. Oor die afgelope paar jaar het dit gesondheidsgewys nie goed met oom Willie gegaan nie. Hy het veskeie heupvervangings gehad en was meer as twee jaar bedlêend. Ten spyte van sy onvermoë om te loop, het hy nog elke dag sy blokraaisels gedoen en sy brein was nog vlymskerp. Sy onwrikbare geloof in ons Hemelse Vader was 'n ware inspirasie vir sy kinders en kleinkinders. In die afgelope paar maande was hy in 'n versorgingsoord. Gemeente Meyerspark neem met hartseer afskeid van oom Willie en ons bedede gaan uit na sy kinders en kleinkinders.

BYBELVASVRAE 2017

Ds van Rooyen laat weet:

Bybelvasvra 2017

Geagte Leraar, ouderlinge, diakens en lidmate.

Eerstens baie dankie aan al die gemeentes wat reeds reageer het. Daar is 10 gemeentes wat geantwoord het op die eerste skrywes, waarvan 8 gemeentes wel gaan deelneem, met 'n totaal van 20 spanne wat reeds ingeskryf het. Dit is verblydend dat die deelname vanjaar so goed lyk.

Indien u gemeente reeds reageer het, ignoreer asb. hierdie versoek, maar die gemeentes wat nog nie reageer het nie, stel

my asb. so gou moontlik in kennis van u deelname, al dan nie. Stuur asb. vir my 'n e-pos met u gemeentenaam en hoeveelheid spanne in elke kategorie na davr@vodamail.co.za

KOMMENTAAR BESKIKBAAR

Die kern van die geloof wat ons bely, is reeds meer as 20 eeue oud. Tog stem ons en die eerste Christene saam. Dit wat ons glo, is dit wat aan hulle toevertrou is en wat hulle geglo het. Hoe werk dit? "EK EN ONS GLO" is die boek wat ons help om ons eie belydenis te verstaan. Ons word ook by die werk en elders getoets oor ons geloof. Hierdie boek sal ons help om met oortuiging die waarheid aan almal rondom ons te verduidelik. Geskryf in verstaanbare Afrikaans, is hierdie boek 'n baie handige instrument in ons wapenrusting van die geloof.

Die kommentaar van die Apostolicum is beskikbaar @R140 per eksemplaar. jotto1@absamail.co.za.

082 767 7891 "EK EN ONS GLO":

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

Villa Stoney

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag

nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

LEWENSBROOD 2018

Dankie aan al die predikante vir u bydraes. Vandag, 15 Junie, is die sluitingsdatum vir al die Lewensbrood Dagstukkies. Dankie vir die tydige deurstuur van u Oordenkings en baie dankie vir die weldeurdagtheid van hierdie liefdeswerk. (Yvette Otto)

DANKBUNDEL

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)

Die GHG dames se fondsinsamelings is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. Elke gemeente word herinner aan die versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word DV tydens die GHG-byeenkoms te Schweizer- Reneke getrek.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2017/2018)

Blokke moet nou inkom. Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke

- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

UITNODIGING: BASAAR

SUIKERBOSRAND, 5 AUGUSTUS 2017

Ons gemeente hou Basaar op die bogenoemde datum en wil u graag uitnooi om ons te ondersteun in hierdie groot poging. Daar sal genoeg te koop, te eet en te kuier wees.

Die basaar word op ons kerkgrond gehou te H/v Fenter en Merzstraat Heidelberg en begin reeds om 08:00.

Daar is ook twee veilings, 'n lappop en 'n windbuks.

'n Pen gemaak vanuit hout en been word ook aangebied en behoort 'n baie interessante item te wees.

Daar is uitstallers van verskillende maatskappye wat insluit: sonkrag-toerusting, elektrisiteitbesparing, water suiwering en ander items wat boere en dorp bewoners kan besigtig.

Die gewone basaarprodukte soos pannekoek, kerrie en rys, nagereg, braaivleis, produkte, naaldwerk en vele meer sal daar wees.

Vars gebakte brood op die terrein gebak !!

U ondersteuning en kuier sal hoog waardeer en op prys gestel word.

Vriendelike groete,

Nico van Huyssteen

Skriba

Hervormde Kerk Suikerbosrand